

1. Vooraf

Vir die doel van hierdie artikel kan die titel as die oorkoepelende raamwerk beskou word waarbinne dit sal gaan oor “die geval van *Groot verseboek*”. Na 'n kort situering sal die probleemstelling, motivering en doelstelling aan die beurt kom. Hierop volg enkele begripsverklarings, 'n bespreking van die aard en plek van *Groot verseboek* binne 'n bepaalde opset en enkele gedagtes oor verdere navorsing.

2. Situering

Een van die studieterreine waarmee literatuurwetenskaplikes in verskillende wêrelddele hulle vandag besig hou, is kanon(s) en kanonvorming. Oor hierdie onderwerp bestaan daar in Suid-Afrika, en spesifiek ten opsigte van Afrikaans, min (gepubliseerde) navorsing, en dit terwyl die kwessie heel waarskynlik al aktueller gaan word binne die konteks van allerlei veranderinge op politieke, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige terrein. Om maar een saak te noem: Wat gaan die invloed van die nuwe onderwysbedeling asook die (moontlike) implementering van die voorstelle van die ad hoc-komitee insake die vernuwing van die onderrig van Afrikaans wees op die sogenaamde skool- of pedagogiese kanons? As gevolg van die belangrikheid van hierdie en soortgelyke vrae het die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria met 'n spannavorsingsprojek onder die titel “Kanonisering in die Afrikaanse literatuur” begin.

3. Probleemstelling, motivering en doelstelling

As voorbeeld van die soorte deelstudies wat binne die oorkoepelende tema gedoen word, wil ek in hierdie artikel die volgende probleemstelling formuleer: Wat is die aard van D.J. Opperman se *Groot verseboek*, hoe verskil die onderskeie uitgawes van mekaar en hoe vergelyk dit wat opset betref met *SA in Poësie/SA in Poetry* van Van Wyk, Conradie en Constandaras?

Die rede waarom my keuse op *Groot verseboek* geval het, is dat dit 'n belangrike rol gespeel het en steeds speel in die vorming van 'n bepaalde beeld van die Afrikaanse poësie en dus van 'n bepaalde kanon. Ter bevestiging hiervan hoef 'n mens maar net te kyk na die volgende drie uitsprake oor die sewende en negende uitgawe met hulle verwysings na gesaghebbendheid, volledigheid, kwaliteit, en dies meer:

Literatore en literatuurleefhebbers beskou dié boek as die gesaghebbende bloemlesing van die Afrikaanse digkuns (*Hoofstad*, 16 Maart 1978); *Groot verseboek* dra die stempel

van die groot gees wat dit saamgestel het. Nie alleen verskaf dit 'n volledige oorsig van die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse poësie nie, maar dit verteenwoordig ook die keur uit ons poëtieskat. Derhalwe het *Groot verseboek* by uitnemendheid die bloemlesing geword wat aan byna al ons universiteite voorgeskryf word. Maar méér nog: dit het die barometer van gehalte geword. (Tim Huizamen in *Rapport*, 7 Mei 1978); Die vorige uitgawe van hierdie standaardbloemlesing in Afrikaans het in 1978 verskyn ... *Groot verseboek* bied gepoleerde beelde van die ouer Afrikaanse digters, terwyl die jongeres nog wanordelik en onafgewerk opgestel is om later 'n vaste plekkie te vind in die literêre beeldtuin (D.J. Hugo in *Die Volksblad*, 5 Mei 1984).

Die beskrywende navorsing waarvan hier verslag gedoen word, is dan daarop gemik om 'n (voorlopige) plekbepaling te doen van *Groot verseboek* en sy samesteller se rol as kanonvormer binne die Afrikaanse literêre sisteem.

3. Enkele begripsverklarings

3.1 *Kanon*

In aansluiting by 'n redelike algemene neiging om weg te beweeg van die konsep van slegs een kanon van "klassieke" tekste na dié van kanons vir spesifieke groepe en met spesifieke funksies, kan die volgende omskrywing van Moerbeek (1992: 342) in gedagte gehou word:

Een canon is een verzameling van werken en auteurs die door een sociale groep of literair circuit als waardevol erkend worden, en die als referentiepunt voor die sociale groep of dat literair circuit fungeren.

3.2 *Literêre sisteem*

Die begrip "literêre sisteem" speel by verskillende hedendaagse ondersoekers, onder wie Even-Zohar, Shavit, Fokkema en Lefevere, 'n belangrike rol. Volgens eersgenoemde kan 'n literêre sisteem – vir bepaalde doeleindes soos deur die navorser bepaal – gekonseptualiseer word as bestaande uit die volgende ses komponente wat interafhanklik funksioneer: die produsent, produk, verbruiker, repertorium, instansies en mark (Even-Zohar 1990). Lefevere (1992: 9-10) noem verskillende redes vir sy eie keuse om 'n sistemiese benadering te volg. Ek sonder twee uit:

... because it promises to be 'productive' in the sense that it may reveal problems of importance to the study of rewriting that other heuristic constructs do not reveal ...; ... because it provides a neutral, non-ethnocentric framework for the discussion of power and relationships shaped by power, which may benefit from a more dispassionate approach.

3.3 *Instansies en herskrywers*

"Instansies" ("institution") is volgens Even-Zohar (1990: 37) "the aggregate of factors involved with the maintenance of literature as a socio-cultural activity. It is the institution which governs the norms prevailing in this

activity, sanctioning some and rejecting others". Hier kan 'n mens dink aan onder meer opvoedkundige en regeringsinstellings, uitgewers, tydskrifte, die massamedia, skrywersverenigings en kritici. Laasgenoemdes is, in Lefevere se terminologie, herskrywers, net soos bv. vertalers, literatuurhistorici en die samestellers van bloemlesings. Dit gaan immers daarom dat hulle die teks in die een of ander *ander* vorm weergee (deur sê maar in 'n resensie die inhoud van 'n roman te parafraseer), sekere keuses maak of tekste binne 'n bepaalde raamwerk plaas. Die herskrywers is grootliks verantwoordelik "for the general reception and survival of works of literature among non-professional readers, who constitute the great majority of readers in our culture" (Lefevere 1992: 1). Volgens hom speel hulle dan 'n dominante rol in die kanoniserings en niekanoniserings van die literêre tekste. Herskrywers skep ook bepaalde beelde van 'n skrywer, werk, tydperk, genre en selfs 'n hele literatuur. Hieraan voeg Lefevere (1992: 5) die volgende toe:

These images exist side by side with the realities they compete with, but the images always tend to reach more people than the corresponding realities (do) ... the power yielded by these images, and therefore by their makers, is enormous (verlede tyd verander na teenwoordige tyd).

In die proses van herskrywing word die oorspronklike tekste aangepas, word hulle gemanipuleer, "usually to make them fit in with the dominant, or one of the dominant ideological and poetological currents of their time" (Lefevere 1992: 8). Vrae wat die navorser oor herskrywings dan kan stel, is die volgende: wie herskryf, waarom, onder watter omstandighede en vir watter teikengroep?

4. Groot verseboek

Wat die antwoord op die eerste vraag ten opsigte van *Groot verseboek* betref, is dit opvallend dat Opperman van die eerste tot die negende uitgawe presies dieselfde persone in sy verantwoording bedank. Ek haal uit laasgenoemde uitgawe aan:

Ek wil my waardering uitspreek vir die samewerking wat ek ontvang het van prof. F.J. le Roux en prof. dr. J. du P. Scholtz, en ook van wyle prof. I.W. van der Merwe, mnr. J. Greshoff en prof. dr. N.P. van Wyk Louw. Hierdie persone is in verskillende mate ook verantwoordelik vir die keuse uit my eie werk.

Die indruk word dus gelaat dat hier min of geen ruimte gelaat is vir (direkte) advies deur iemand buite hierdie kring nie. Wanneer André Brink dan die finale versorging vir hierdie uitgawe behartig, respekteer hy Opperman se keuse uit digbundels wat tot 1980 verskyn het. Dit, asook die vroeëre aanhaling uit Huizamen se resensie, is 'n aanduiding van die dominerende posisie wat Opperman ingeneem het in die skepping van 'n bepaalde beeld van die Afrikaanse poësie – 'n beeld wat in baie opsigte ook die beeld van

menige universiteitstudent geword het en steeds word.

Bestudeer 'n mens Opperman se verantwoording verder, kom nog belangrike feite in hierdie beeldvormingsproses na vore. Die eerste sin van die eerste uitgawe lui soos volg:

Hierdie bloemlesing wil van die mooiste Afrikaanse gedigte in een band saamvat, maar tegelykertyd die gedigte so kies en rangskik dat dit enigsins 'n beeld van die ontwikkeling van ons poësie gee.

In latere uitgawes het dit geword: “Hierdie bloemlesing wil die mooiste Afrikaanse gedigte in een band saamvat ...”. Stil-stil (sonder “verantwoording”) het die meer beskeie “van die mooiste Afrikaanse gedigte” verander na die geweldige – en sterk kanoniserende – aanspraak “die mooiste Afrikaanse gedigte”.

Dit val verder op dat die res van die verantwoording, met die uitsondering van enkele tekskritiese opmerkings en die toevoeging van 'n naam of twee, deur al die uitgawes identies gebly het. Die enkele weglatings en die talle toevoegings van digters en tekste word dus op geen manier eksplisiet verantwoord nie. Die leser moet maar aanvaar dat die estetiese maatstaf en die strewe om die bundel “so verteenwoordigend moontlik te maak” voldoende aanduidings is en dat die samesteller “die beste weet”. Die vraag van wie, vir wie en ten opsigte waarvan die bloemlesing verteenwoordigend is, bly onbeantwoord. Moontlik verdien die volgende opmerking van Lefevere (1992: 5) in hierdie verband oorweging:

... rewritings are produced in the service, or under the constraints, of certain ideological and/or poetological currents, and ... such currents do not deem it to their advantage to draw attention to themselves as merely 'one current among others.' Rather, it is much more to their advantage to identify themselves quite simply with something less partisan, more prestigious, and altogether irreversible like 'the course of history'.

Hier word byvoorbeeld nie rekening gehou nie – hetsy afwysend of instemmend – met die oortuiging van baie geleerdes dat verskillende literatuuropvattinge of betrokkenheid by 'n bepaalde interpretatiewe gemeenskap tot verskillende aannames lei en dus verskillende keuses tot gevolg kan/sal hê. Dat Opperman se uitspraak ook nie 'n geïsoleerde geval in Afrikaans is nie, blyk uit Kannemeyer se voorwoord by *Kraaines*, 'n bloemlesing vir “jong lesers” (skoliere en studente):

Die keuse het telkens geval op die beste gedigte van elke skrywer ... al sal daar in die toekoms steeds magte werksaam wees om ons 'erfenisse uit te wis', is hierdie poësie vir ons en die nageslag 'n durende monument van die geestesaktiwiteit wat kunswerke van dié gehalte moontlik maak.

Oor die vraag watter ideologiese en/of poëtologiese strominge in hierdie en soortgelyke gevalle 'n rol gespeel het, wag daar nog heelwat navorsing.

Dat ook 'n totaal ander uitgangspunt in elk geval moontlik is, blyk duidelik uit die inleiding by *SA in Poësie/SA in Poetry*. Ek haal uitvoerig aan oor die doel en uitgangspunt wat hier, anders as in die reeds genoemde gevalle, eksplisiet – en kontesterend – gestel word:

Die doel met die bundel *SA in poësie/SA in Poetry* was die beskikbaarstelling van tekste wat om verskeie redes nie geredelik toeganklik was nie. Digters soos Wopko Jensma of Modikwe Dikobe is bv nie binne die Afrikaanse letterkunde bekend nie en is nie in Afrikaanse bloemlesings opgeneem nie. Maar dit was nie net hierdie leemte wat ons aangespoor het nie; ook die perke van die tradisionele eentalige bloemlesing wou ons oorskry deur poësie uit die ander Suid-Afrikaanse tale te betrek. Die eietydse literêr-teoretiese konteks het ons verder genoodsaak om radikaal anders as die tradisionele bloemleser te werk te gaan: die uitgangspunt is nie meer estetiek nie, dws nie gerig op die beste of mooiste gedigte wat in 'n taal geskryf is nie, maar die gedigte wat insae bied in ideologiese formasies soos dit binne die geskiedenis staan ... Poësie – wat 'n subjektiewe en ideologiese verwoording van 'n sosiale toestand of 'n historiese moment is – werp lig op die menslike aandeel in die vorming van die geskiedenis ... Maar die beeld wat van die sosiale werklikheid in poësie geproduseer word, is verwronge en aangepas om klasse-hiërargieë te bestendig. Binne poësie as ideologiese gegewe kry die navorser insiggewende stof oor die konflik tussen klasse.

Binne hierdie uitgangspunt, waar die representasiekonsep 'n bepalende rol speel, word daar ook kritiek uitgespreek teen spellingmodernisering:

Die wysigings op die materiële (die betekenaar-) vlak van die taal wat weens linguïstiese en estetiese oorewegings in bestaande bloemlesings afgeskep is, word hier verteenwoordig. 'n Voorbeeld van die linguïstiese en estetiese modernisering is 'De Lady Roberts' van F.W. Reitz soos dit deur Opperman in *Groot verseboek* opgeneem is. Dit is 'n voorbeeld van hoe 'n gedig verander is om aan te pas by 'n eietydse petit bourgeois-literatuuropvatting.

Nou is dit egter opmerklik dat dié samestellers weliswaar hulle uitgangspunt eksplisiet formuleer, maar die leser tog wil manipuleer om te aanvaar dat hulle manier van doen op sy beurt die enigste moontlikheid is: “Die eietydse literêr-teoretiese konteks ...” (my kursivering). Ook hier moet die teenstellende siening van byvoorbeeld Paul Armstrong nie uit die oog verloor word nie:

The characteristic hypothesis projected by a method of interpretation are practical embodiments of more basic beliefs about human being, the being of the object interrogated, and the being of the world as a whole. Psychoanalysis, Marxism, phenomenology, structuralism – each has a different method of interpretation because each has a different metaphysics, a different set of convictions that make up its point of departure and defines its position in the hermeneutic field.

Ook wat die keuse van digters en tekste betref, is daar 'n aansienlike verskil tussen *Groot verseboek* en *SA in Poësie/SA in Poetry*. Nie alleen is daar nagenoeg sestig digters in laasgenoemde wat nie in eersgenoemde voorkom nie (sommige moontlik as gevolg van verskyningsdatums), maar

van die digters wat in albei verskyn, is daar met enkele uitsonderings geen gedigte wat ooreenkom nie. Dit kan óók verklaar word uit die uiteenlopende siening van die aard, funksie en waarde van poësie. Ek noem slegs een opvallende voorbeeld om dit te illustreer. In *Groot verseboek* kom Wilhelm Knobel se “Elegie” voor wat meer as een element van die tradisionele elegie vertoon: die verlies (van ’n vriend?) deur die dood en die vertroosting in die droombeeld van die gestorwene se gebeente wat “ewig en wit begin vasgroeï in koraal”. In *SA in Poësie/SA in Poetry* staan daar ook ’n elegie, maar nou die siniese, satiriese “Elegie vir 3 Pasdraers” met sy sterk politieke inslag.

Hierdie fokusverskil blyk selfs uit kleiner detail waar dieselfde gedig wel opgeneem is: Ingrid Jonker se bekende “Die kind” verskyn in *Groot verseboek* konsekwent onder dié titel, terwyl dit in die ander bloemlesing reeds in die titelbewoording baie sterk aan ’n bepaalde insident in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis gekoppel word en dus baie sterker gelaai is: “Die kind wat doodgeskiet is deur sodate in Nyanga”. En dan is daar ook byvoorbeeld Vernon February se “antwoord” op Leipoldt se “Oom Gert vertel”: “Met ekskusies aan Oom Gert vertel”, wat só eindig: “Ja, neef, die storie van ons lyding’, /sal Oom Gert vertel se ou relasie/van hul stryd om hul bevryding/laat klink soos ’n derderangse lykstasie.”

Uit hierdie kort vergelyking is dit duidelik dat *Groot verseboek* en *SA in Poësie/SA in Poetry* twee verskillende herskrywings is en twee uiteenlopende beelde van die (Suid-) Afrikaanse poësie skep, omdat die samestellers as deelnemers aan die literêre sisteem en kultuurdebat met verskillende uitgangspunte gewerk het.

Om hierdie gedeelte af te sluit, wil ek terugkeer na *Groot verseboek* as sodanig en m.b.t. enkele gevalle die aandag vestig op wysigings in die beeld van die Afrikaanse poësie en digters. Twee digters wat in vroeë uitgawes deur een gedig elk verteenwoordig is, te wete Jan Rabie en Bartha Smit, is later weggelaat, waarskynlik omdat hulle algaande hulle oeuvres in ander genres gevestig het. Daarteenoor is daar stelselmatig nuwe digters bygevoeg, in die negende uitgawe nie minder nie as vyf en twintig – ’n feit wat Hugo (1984) laat opmerk het dat “daar konserwatiewer aan die resente poësieproduksie gekeur sal moet word”. Hy bepleit ook ’n herbesinning oor die maatstawwe vir opname en impliseer dus dat die aanspraak op “die beste” in die verantwoording bevrage teken kan word, ’n opvatting wat bevestig word deur sy opmerking dat elke oordeel tydgebonde is. Net so het Huizamen (1978) ten opsigte van die sewende uitgawe relatief sterk verskil oor die keuse uit die werk van jonger digters. In hoeverre sulke resensies – herskrywings in eie reg – ’n invloed het op latere uitgawes is ’n vraag waaroor daar navorsing gedoen moet word. Feit is egter dat nie veel van die suggesties in laasgenoemde resensie werklikheid geword het in die volgende uitgawes nie.

Wat sogenaamde gevestigde digters betref, het Opperman ook nie

geskroom om tekste weg te laat en by te voeg en dus steeds nuwe voorstellings, nuwe herskrywings van hulle oeuvres daar te stel nie. Oor die redes hiervoor, asook oor soortgelyke prosesse in ander bloemlesings, moet daar ook nog baie navorsing gedoen word. Daarom noem ek net enkele voorbeelde. In die geval van Leipoldt het daar in die tweede en negende uitgawe relatief groot toevoegings plaasgevind. In laasgenoemde geval kan dit moontlik aan die rol van ander instansies toegeskryf word. Die honderdste herdenking van Leipoldt se geboortedag in daardie tyd het naamlik hernude belangstelling in en studie van sy werk meegebring. In hierdie verband is dit opmerklik dat T.T. Cloete se “Leipoldt 100” ook in die negende uitgawe opgeneem is.

Met betrekking tot Van Wyk Louw het Huizamen in sy resensie oor die sewende uitgawe opgemerk dat die keuse uit *Tristia* sins insiens “nie naasteby voldoende” is nie. Hierdie aangevoelde leemte is reggestel deur die toevoeging van ’n hele aantal van die korter gedigte soos “Ex unguine leonem”, “Karoo-dorp: someraand” en “Dood van die Heilig Biblis”. Hugo bestempel dit dan as “’n welkome balansherstel” omdat die leser “(t)ot by die vorige uitgawe ... die indruk (sou) kon kry dat *Tristia* ’n bundel van uitsluitlik ‘groot odes’ is.” Hier sal ’n mens nog moet nagaan in watter mate die nuut opgenome tekste in die voorafgaande tydperk die aandag van ander herskrywers soos kritici geniet het. In die geval van Wilma Stockenström en Sheila Cussons weer ontstaan die vraag watter rol die toekenning van die Hertzogprys by die toevoeging van tekste in onderskeidelik die sewende en negende uitgawe help speel het.

5. Verdere navorsing

Uit bogaande verslag oor sekere aspekte van *Groot verseboek* se rol in beeldvorming en kanonisering het geblyk dat intensiewe navorsing nodig is oor die aard, samestelling en wysiging van bloemlesings en die ideologiese en literatuuropvatlike grondslae daarvan. Dit sou dan ook nie net ten opsigte van die poësie geld nie, maar ook vir verhalende prosa en drama. Omdat bloemlesings so ’n groot rol in onder meer die onderwys speel, mag die beskrywing en, waar moontlik, die verklaring van outeur- en tekskeuses nie verwaarloos word nie en moet die sinvolheid van sulke werke vir (sterk uiteenlopende) groepe lesers deur empiriese resepsie-ondersoeke nagegaan word.

Bronnelys

- Armstrong, P. 1983. The Conflict of Interpretations and the Limits of Pluralism. *PMLA*, 98:3, p. 341-352.
- Even-Zohar, I. 1990. The “Literary System”. *Poetics Today*, 11:1, p. 27-44.
- Fokkema, D. 1991. Changing the canon: A systems theoretical approach. In: Ibsch, E. e.a. (eds.). *Empirical Studies of Literature*. Amsterdam, p. 363-369.
- Hugo, D.J. 1984. Negende Verseboek is die volledigste nog. *Die Volksblad*, 5 Mei.

- Huizamen, T. 1978. Steeds dié barometer van gehalte. *Rapport*, 7 Mei 1978, p. 20 e.v.
- Lefevere, A. 1992. *Translation, Rewriting & the Manipulation of Literary Fame*. London: Routledge.
- Moerbeek, J. 1992. Hoe elastisch is de canon? *Spiegel der Letteren*, 34:3-4, p. 333-357.
- Opperman, D.J. (samest.). *Groot verseboek*. Verskillende uitgawes, verskillende uitgewers.
- Shavit, Z. 1991. Canonicity and literary institutions. In: Ibsch, E. e.a. (eds.). *Empirical Studies of Literature*. Amsterdam, p. 231-238.
- Van Wyk, J., Conradie, P. & Constandaras, N. 1988. *SA in Poësie/SA in Poetry*. Pinetown. Owen Burgess.

Universiteit van Pretoria